

DIE AFRIKANERS SE EKONOMIESE BEMAGTIGING IS DEUR WETLIKE STRUKTURE BEVORDER

Sampie Terreblanche

Dawie maak in sy artikel (DB 28/07/01) die stelling: "..dat Afrikaners nie wetgewing vir hulle eie ekonomiese bemagtiging nodig gehad het nie". Dit is 'n wilde veralgemening wat sekerlik nie die toets van die geskiedenis kan deurstaan nie.

Dawie se artikel is geskryf in reaksie op mnr Cyril Ramaphosa se voorstel dat 'n wetsontwerp in die Parlement ingedien moet word om swart bemagtiging af te dwing. Ek stem saam met Dawie dat sodanige "kwota-wetgewing" waarskynlik nie die regte manier is om swart bemagtiging te bewerkstellig nie. Dit is beslis ook nie die manier om swartarmoede te beveg nie.

Die aangeleentheid van Afrikaner bemagtiging moet binne die nodige historiese perspektief geplaas word. In die koloniale tydperk is die inheemse bevolking grootliks van die grond wat hulle vir eie lewensonderhoud benut het, ontnem, Maar wat meer belangriker is, is dat die blankes die inheemse bevolking aan 'n veelheid van onvrue (d.w.s. gedwonge) arbeidspatrone onderwerp het terwille van hulle groeiende behoefte aan goedkoop swartarbeid

Die Trekboere en die Voortrekkers het in die 18de en 19de eeue Khoisan- en swartkinders geroof en as inboekelinge ('n soort lyfeienskap) in hulle huishoudings grootgemaak en as goedkoop arbeiders gebruik.

Ná die sesde grensoorlog is die eerste van verskeie Meester en Diensbode ordinansies/wette in 1841 op aandrang van die Britse setlaars uitgereik. Hiervolgens is ontwortelde en veramde Kleurlinge en Xhósas as kontrakarbeiders in diens geneem teen terme wat baie gunstig vir blanke werkgewers was. Dit was die begin van 'n arbeidsonderdrukkende stelsel wat tot 1980 miljoene swartmense indirek verplig het om teen ongunstige terme loonarbeid te verrig. Die blankes het swartes berekend van hulle grond ontnem en ewe berekend hulle ekonomiese onafhanklikheid ondermyn vir geen ander rede nie as om hulle tot 'n geproletariseerde werkersklas te reduseer sonder keuse vryhede.

Die verarming en die proletarisering van die swartes was 'n uitgerekte, 'n meedoënlose en dikwels 'n geweldadige proses. Dit was veral die Britse mynmaatskappye wat vanaf 1890 verdere stukrag aan hierdie proses verleen het want daarsonder kon hulle nie genoeg mynwerkers werf nie. Hierdie proses het sy mees omvattende wetlike beslag met die Wet op Naturelle Grondbesit van 1913 gekry. Hierdie wet het meer as 60% van die destydse swartbevolking in net 8% van Suid-Afrika opgedam.

Die swartreservate is opsetlik tot so 'n klein gebied beperk sodat groot getalle trekarbeiders moés word. Die 1913-wet het ook alle vorme van swart deelboerdery en plakkerboerdery verbied. Swart kleinboere was destyds vir 'n groot deel van die mielieproduksie verantwoordelik.

Die kontantlone van trekarbeiders op die myne was in reële terme in 1972 sowat 10% laer as die vlak van 1910. 'n Swartmynwerker se loon was in 1910 tien keer laer as die van blanke mynwerkers terwyl dit in 1972 twintig keer laer was! Die lone van plaasarbeiders was selfs laer van 1910 tot 1972.

Die wet van 1913 was voorwaar die rots waarop die Engelse beheerde goudmynbedryf en die hoofsaaklik Afrikaner-beheerde mieliebedryf tot in die sewentiger jare gebou is. Dit was waarskynlik nie moontlik vir die blankes om hierdie twee bedrywe so winsgewend uit te bou nie sonder die beskikbaarheid van groot getalle swartarbeid aan wie uitbuitingslone betaal is.

Nadat swartes geproletariseer geraak het en goedkoop arbeiders geword het, het hulle 'n ernstige bedreiging ingehou vir die Afrikaners wat weens 'n veelheid van redes verarm geraak en as Arm Blankes na die stede gemigreer het. In 1932 het die Carnegie-Kommissie bevind dat 2/3 van die Afrikaners arm was. Reeds aan die einde van die 19de eeu is daar begin met diskriminerende wette om verarmde Afrikaners teen mededinging van swartes en Kleurlinge te beskerm.

Diskriminerende wette het van 1911 in die goudmynbedryf gegeld en is deur die Pakt-regering na ander sektore van die ekonomie uitgebrei. Die Nywerheidsversoeningwet van 1956 het veel groter beskerming as voorheen aan blanke werkers verleen. Terwyl die blankes (en veral die Afrikaners) in sterk vakbonde georganiseer was, is swartes verbied om vakbonde te vorm. Diskriminerende maatreëls in die arbeidsmark is eers in 1979/81 afgeskaf.

Blankes het van omvangryke wette gebruik gemaak om swartes uit wit stede te weer. Stallard se 1923 wet was die begin van instromingsbeheer. Hiervolgens was swartes net welkom in die (wit) stede solank hulle daar benodig is.

Dr Vervoerd het met sy instromingsbeheerwette van 1952 die Stallardistiese benadering baie strenger gemaak om 'n trakarbeidstelsel vir swart indiensname in die fabriekswese te skep. Sy wette was daarop bereken om swartes meer kontroleerbaar meer gedweë en goedkoper te maak.

Vanweë die uiters swak sosiaal-ekonomiese toestande in die oorbevolkte Tuislande, het miljoene swartes na die stede gestroom om werk te soek. Hulle kon dit net met bemiddeling van arbeidsburo's doen. Diegene wat nie binne 72 uur werk kon kry nie, is terug gestuur en moes weer by die arbeidsburo's aansoek doen. Op dié manier is die swartes behoorlik "ingebreek" en gedwing om teen steeds laer lone te werk, om nog meer gedweë te word en om nog meer onaangename werk te doen!

Miljoene swartes wat nie kans gesien het vir die omslagtige administratiewe prosedure nie, het onwettig na die stede verhuis. Van 1950 tot 1980 is 13 miljoen swartes vir pasoortredings vervolgt terwyl etlike miljoen administratief gedissiplineer is. Hierdie trekarbeidstelsel het die nuwe geslag Afrikaner entrepreneurs baie goed te pas gekom, maar vir die swartes groot ellende meegebring. Instromingsbeheer is eers in 1986 afgeskaf.

Die Dawie-artikel beweer dat die Afrikaners se model van ekonomiese bemagtiging deur ander nagevolg kan word. Dit is volgens Dawie 'n model "om nie te eís wat jou nie toekom nie, om slegs te verwag wat jy deur eerlike arbeid en jou verstand verdién het". Dit klink baie mooi, maar dit is beslis nie die model waarvolgens die Afrikaners bemagtig is nie!

Alhoewel die Afrikaners se ekonomiese posisie in 1948 baie beter was as die van die anderskleurige bevolkingsgroepe, was hulle 'n "agtergeblewe" gemeenskap vis-a-vis die Engelsprekende blankes. Hulle per capita inkome was ongeveer 50% van dié van die Engelse, terwyl die blankes se per capita inkome toe sowat 6 keer hoër as die Kleurlinge en sowat 12 keer hoër as die swartes sin was.

Alhoewel die Afrikaners - sê van 1910 - dit bitter moeilik gevind het om met die kapitaalkragtige Engelsprekendes mee te ding, het hulle veral drie voordele bo die anderskleuriges gehad. Eerstens was hulle 'n grondeienaarsklas alhoewel baie hulle grond gedurende die eerste derde van die eeu verloor het. Tweedens was veel beter onderwys en ander sosiale geriewe tot hulle beskikking. Derdens is die beheer oor die Parlement deur die Wet van Westminster van 1909 byna uitsluitlik aan blankes toegeken.

Nà die verhoging van die prys van goud in 1933, het Suid-Afrika vir 40 jaar 'n besonder hoë ekonomiese groeikoers gehandhaaf wat die Afrikaners in 'n groter mate as enige ander bevolkingsgroep bevoordeel het. Gedurende die dertiger- en veertigerjare het hulle al groot voordeel uit die groeiende ekonomie gehaal vanweë hulle geskooldeheid en vanweë hulle verskafde werkgeleenthede .

Dit was veral na die bewindsaanvaarding van die NP in 1948 dat Afrikaners in die derde kwart van die eeu op 'n veelheid van maniere bevoordeel is. Groot getalle Afrikaners het rendabele werksgeleenthede in die openbare sektor - wat vinnig "verafrikaniseer" geraak het - gekry. Die landbousektor is tot ongeveer 1980 swaarder gesubsidieer as voorheen. Onderwys en ander sosiale dienste vir Afrikaners het aanneemlik verbeter. Teen 1960 is die armblankevraagstuk as "opgelos" beskou en van toe af het die NP-regering op die begunstiging van die Afrikaner elite gekonsentreer. Voorbeelde van Afrikaner begunstiging is die toekenning van regeringskontrakte, myn- en drankkonsessies en toegang tot waardevolle "binne" inligting.

Die NP het ook vir Afrikaners geleenthede geskep wat nie voorheen beskikbaar was nie. 'n Belangrike oorweging agter die Groepsgebiede Wet van 1950 was om Indiërs uit sentrale besigheidsdistrikte te verdryf om winsgewende geleenthede vir Afrikaner entrepreneurs te skep. Nadat die grensnywerheidsbeleid van stapel laat loop is, is swaar gesubsidieerde geleenthede vir Afrikaners geskep. Die openbare korporasies is uitgebou. Dit het nie alleen goeie werksgeleenthede aan Afrikaners gebied nie, maar het ook vir 'n nuwe geslag Afrikaner entrepreneurs die geleentheid gebied om in 'n verskafde omgewing tot wasdom te groei.

In 1975 het die Afrikaners se per capita inkome tot 75% van die (toe heelwat hoër) Engelse inkome gestyg. Die blankes se per capita inkome was toe 15 keer groter as dié van swartes!

Ek wil geensins beweer dat Afrikaner besighede net opgang gemaak het danksy direkte owerheidsteun nie. Reeds in die eerste helfde van die 20ste eeu het Afrikaner korporasies daarin geslaag om die beskikbare Afrikaner kapital te monster en tot toonaangewende ondernemings te groei. In 1939 het die Afrikaner ondernemings sowat 5% van die ekonomiese bedrywighede buite die landbou en buite die owerheidssektor beheer. Tydens die Ekonomiese Volkskongres van 1939 is die Afrikaner Reddingsdaadbeweging van stapel gestuur om die Afrikaner se drie ekonomiese "kragte" - spaarkrag, arbeidskrag en koopkrag - vir die Afrikanervolk se belange te mobiliseer. In die daaropvolgende 10 jaar het die Afrikaners se beheer van die private sektor (buite die landbou) na sowat 10% gestyg.

Gedurende die derde kwart van die eeu toe die algemene sakeklimaat besonder gunstig vir Afrikaner ondernemings was, het die Afrikaner se aandeel van die private sektor tot 21% gestyg. Indien die bydrae van Afrikaner entrepreneurs in die openbare korporasies bygereken word, was die Afrikaners se aandeel heelwat hoër in 1975.

Alhoewel baie Afrikaner korporasies gegroei het sonder direkte steun van die NP regering, het baie Afrikaner ondernemings - net soos die Nasionale Party - op 'n behendige manier gebruik gemaak van die opwellende Afrikaner bewussyn en Afrikaner nasionalisme in hulle korporatiewe beeldbouery en bemarkingsbedrywighede.

Die pad waarlangs die Afrikaner se ekonomiese bemagtiging beweeg het was vol struikelblokke en geleenthede. Die Afrikaners het oor die algemeen goeie vindingrykheid en deursettingsvermoë aan die dag gelê om die struikelblokke te oorkom en om die geleenthede te benut. In die proses is 'n groot bydrae tot die ekonomie gemaak.

Baie van die struikelblokke op die Afrikaners se ekonomiese pad is deur die Brits/Engelse establishment daar geplaas. Oor die afgelope 30 jaar werk die twee blanke establishments toenemend saam.

Baie van die geleenthede op die ekonomiese pad van die Engelse en die Afrikaners was kunsmatig omdat dit uitsluitlik vir Engelse of Afrikaners geskep en deur wette afgedwing is wat deur óf Engelsbeheerde óf Afrikanerbeheerde parlements op die wetboek geplaas is. Ongelukkig was baie van die geleenthede ongeoorloof omdat dit sowel Engelse as Afrikaners wetlik gemagtig het om anderskleuriges vir geslagte lank uit te buit en te verontreg.

Die pad van sowel die Engelse as die Afrikaners se ekonomiese bemagtiging het dus deur die donker vallei van swart en bruin "ontmagtiging" geloop en in die proses onmeetlike menslike lyding, ontbering en moeilik uitwisbare swart armoede veroorsaak. Dit behoort blankes tot ootmoed en offervaardigheid te stem.

Verlede jaar was minder as 1000 blankes bereid om 'n dokument te onderteken waarin hulle bloot erken het dat die blankes die swartmense verontreg en hulleself bevoordeel het. Dit is moeilik om te begryp waarom so baie blankes met kragdadigheid volhard om in ontkenning te bly voortleef.

Meer as 60% van mense anders as blank leef tans in volhoubare en ergerwordende armoede en ontneming. Dit is 'n illusie om te dink dat ekonomiese groei binne 'n redelike tyd 'n groot genoeg "trickle-down" effek sal hê om hierdie 21 miljoen mense van hulle ergste armoede en hul onmenswaardige lewenslot te bevry. Die bevoorregte en welgestelde deel van die bevolking - sowel wit- as swartmense- sal groot bydraes moet maak ter wille van die opheffing van diegene wat as deel van Suid-Afrika se skewe en moreel bedenklike "ontwikkelingsproses" verarm en verontreg is.

Dawie maak in sy artikel ook die volgende bewering: "Die feit dat die swartmeerderheid vandag die politieke mag het, behoort al klaar te vergoed vir die gebrekkige ekonomiese mag". Dit is voorwaar 'n rare stelling. Vir die meer as 60% van mense anders as wit wat van ellende kripeer, bied só 'n siening weinig troos!

